



KANOLA: OLIEKOEK PUIK PROTEÏEN VIR VEE

Kanola-oliekoek kan 'n uitstekende bron van proteïene in suiwelvoere en -lekkie wees, veral saam met ander proteïenbronne, sê mnr. Sjoerd ten Cate van Feedtek. Sjoerd was die spreker op 'n Jersey-inligtingssessie op die plaas Kluitjieskraal van mnr. Jan Schoonwinkel, verlede jaar se wenner van die Overberg-Jerseyklub se kuddekompetisie.

Boere het voorheen neergesien op die kanola-oliekoek in melkkuddes se rantsoene omdat gemeen is die persentasie verbyvloei-proteïene is nie hoog genoeg nie.

Navorsing wys egter dit kan 'n uitstekende bestanddeel wees en ideaal in 'n suiwelrantsoen omdat dit rumen-organismes stimuleer, verduidelik Sjoerd.

Danksy dié stimulasie word meer mikrobiese proteïene – 'n proteïen van hoë gehalte – geproduseer. Omdat die kanola-oliekoek die rumen doeltreffender laat werk, is veselvertering ook beter.

“Baie boere voer lekkie of kragvoer om proteïen en energie aan te vul, maar hulle moenie vergeet dat aanvullings ook moet sorg dat die rumen-organismes optimaal funksioneer nie.”

Koeie produseer nie ensieme wat vesel kan afbreek nie. Rumen-organismes, wat bestaan uit bakterieë, protozoa en swamme, doen dit.



Die herkouer neem die produkte op wat die rumen-flora afgebreek het.

Die rumenflora leef van vesel en ander voedingstowwe wat herkouers inneem. Hulle het 'n kort lewensiklus en groei en vrek dus vinnig. Hoe beter hulle “gevoer” word, hoe vinniger teel hulle aan en hoe gouer vrek hulle ook.

Dooie flora word dan in die spysverteringskanaal verteer en is van die beste proteïenbronne vir herkouers.

Kanola-oliekoek is een van die beter bronne van proteïen wat boere vir rumen-organismes kan ‘voer’, danksy sy goeie aminosuur-samestelling en ander voedingstowwe wat in die rumen beskikbaar gestel word, sê Sjoerd.

As jy die beste wil maak van jou deurvloei-bronne, is dit 'n goeie idee om dit saam met kanola aan die koeie te gee. - GLENNEIS KRIEL

NAVRAE: SOILL, tel: (028) 514 3441.

BO: Kanola word op 'n besproeiingsland buite Hartswater gestroop. Oliekoek van dié gewas kan 'n goeie proteïenbron in voerrantsoene wees. FOTO: MARLEEN SMITH

INLAS: Kanola-oliekoek, 'n afvalprodukt wanneer kanola-olie gepars word.

HEEL LINKS: Mnr. Sjoerd ten Cate, 'n konsultant van die voerfirma Feedtek, sê kanola-oliekoek help die rumen beter werk.

LINKS: Mnr. Jan Schoonwinkel, 'n bekroonde Jersey-boer van Kluitjieskraal buite Swellendam, sê kanola-oliekoek is 'n goedkoop proteïenbron van hoë gehalte vir sy vee.

KOP

WAT 'N BOER SÊ:

Mnr. Jan Schoonwinkel, wat op Kluitjieskraal net buite Swellendam in die Suid-Kaap boer, het al talle pryse met sy Jersey-kudde gewen.

Hy sê kanola-oliekoek is 'n goedkoop bron van proteïen van 'n goeie gehalte, wat algemeen in sy omgewing beskikbaar is.

“Ons gebruik kanola-oliekoek al van 2004 in ons rantsoene. Teen sowat R3 900 per ton is dit baie goedkoper as katoen- en soja-oliekoek. Ons gee 2,7 kg kanola-oliekoek per koei per dag.”



LINKS: Mnr. Chrisjan Immelman (links) saam met dr. Mias van der Westhuizen (middel), weidingkundige, en 'n vriend, mnr. Ernst Viljoen, op van sy spaarveld in die 2011/'12-droogte, die jaar waarin hy sy veebelading danksy 'n nuwe, doeltreffender weidingstelsel met 25% kon verhoog. FOTO: DR. JOHANN ERASMUS

KLOP DROOGTE MET HIERDIE WEI-PLAN

'n Veeboer buite Bloemfontein, mnr. Chrisjan Immelman, het sy veldbelading met behulp van 'n doeltreffende weidingstelsel en aangepaste beeskudde met 25% verhoog – en dit in 'n droogtejaar.

Chrisjan het sy verbeterde weidingstelsel teen 6 ha/GVE begin, maar danksy die baie kos wat in die stelsel geproduseer is, kon hy sy belading tot 4,8 ha/GVE verhoog, en steeds het die veld verbeter.

Sy kudde het die afgelope vier jaar 'n kalfpersentasie van 95 gehandhaaf, en dít in 'n stelsel waarin verse al vroeg kalf – die eerste keer op twee jaar.

Wat die verhoging in drakrag nog merkwaardiger maak, is dat dit in die droë jaar van 2011/'12 gebeur het, toe voertekorte by boere in sy omgewing in die algemeen voorgekom het. Die seisoenale reënval vir daardie groeityd was net 330 mm, vergeleke met die langtermyn-gemiddelde van sowat 500 mm.

HOE HET HY DIT REGGEKRY?

Chrisjan het dr. Mias van der Westhuizen, weidingkundige van die departement van landbou op Glen, se hulp ingeroep om 'n doeltreffende weidingstelsel te ontwerp. Sy

stelsel is nou daarop gerig om kuddebestuur te sinchroniseer met die normale wisselings in die veld se gehalte en kwantiteit, sodat die beeste optimaal van die veld af produseer en reproduseer.

Om die veld te bewaar en te verbeter is van die grootste belang in so 'n stelsel, sê Van der Westhuizen. Hy meen boere onderskat dikwels die waarde van die regte beweidingstelsel om die uitwerking van droogte te verminder.

Chrisjan se plaas, Aardoom, is 500 ha groot en was aanvanklik net deur 'n grondpad in twee kampe verdeel, waarvan die grootste 450 ha was. Die groter deel is toe in vyf kampe verdeel, waarvan vier kampe 100 ha elk is en die vyfde 50 ha, met 'n sentrale waterpunt. Die plaas is dus nou in ses kampe verdeel, met groottes van 50 ha en 100 ha.

Een trop diere verwissel oor die ses kampe, met die uitsondering van dektyd wanneer die beeste in twee troppe verdeel word. Die weityd wissel van 1 tot 3 maande, afhangend van die kampgrootte, tydperk van die jaar en fisiologiese stadium van die koeie.

Die beweidingstye word so afgewissel dat veld oor 'n tydperk van drie jaar nie ooreenstemmende tye van die verskillende jare benut word nie. Die kampe word oor 'n maand tot selfs drie maande kort afgevrete, waarna

dit rus om groeikragtigheid en groeidoeltreffendheid tot die maksimum te verhoog, en om terselfdertyd beter veld te verseker.

Voorts kry elke kamp in een uit elke drie jaar 'n lang ruskans, vir ten minste 'n volle groeityd, van begin Julie tot einde Mei.

Wat sy beeskudde betref, het Immelman op aanbeveling van dr. Johann Erasmus, vee-kundige van Glen, Nguni's van die suurveld in die Oos-Vrystaat gekoop. Die rede was dat as beeste op suurveld met die minimum aanvullende voeding (net lekkie) goed kon reproduseer en produseer, sou hulle op soetveld geen aanpassingprobleme hê nie, en dadelik hul bogemiddelde produksie voortsit.

Die afwesigheid van bome of ander skuiling wat beskutting in die winter of teen die warm somerson op die plaas kon bied, het Chrisjan verder aangespoor om beeste te selekteer wat vir sulke omstandighede aangepas is.

Lees ook in *Landbouweekblad* van 9 Mei 2014 (bl. 30), hoe Chrisjan fosfaat en sout gee om skade aan die soet rooigrasveld en vermorsing te voorkom. - MARLEEN SMITH

NAVRAE: Chrisjan Immelman, (051) 522 7333 of epos: immanuel@telkomsa.net. Mias van der Westhuizen, tel: (051) 861 8386 of epos: mias@glen.agric.za. Dr. Johann Erasmus, sel: 083 308 8166.

ONTWIKKELING MORS MET CHINA SE GROND

'n Vyfde van China se plaasgrond is besoedel – waarvan die meeste met anorganiese gifstowwe – wys die lank verwagte uitslag van 'n regeringsopname wat op die webtuiste van die land se departement van omgewingsake gepubliseer is.

Meer as 80% van die besoedeling is deur anorganiese stowwe, en die drie grootste besoedelaars is die swaar metale kadmium, nikkel en arseen.

Dit word hoofsaaklik aan nywerheid- en landboubedrywighede oor 'n lang tydperk toegeskryf.

Nywerheidsafval besmet grond rondom fabriekke en myne, en die uitlaatgasse van

voertuie besoedel die lug om hoofweë.

Besproeiing met besoedelde water, die onoordeelkundige gebruik van kunsmis en plaagdoders, en die ontwikkeling van veeboerdery, word ook in die verslag uitgewys. "Die algemene toestand van China se grond laat geen ruimte vir optimisme nie," lui die verslag.

China huisves nagenoeg 'n vyfde van die wêreld se bevolking op minder as 'n tiende van die wêreld se bewerkbare grond.

Om swaar metale uit grond te verwyder, verg 'n moeilike en langsame rehabilitasieproses, wat behels dat die grond aan landbouproduksie onttrek moet word.

- MARLEEN SMITH marleen.smith@landbou.com

BRON: www.xinhuanet.com



Rysvelde in die Chinese provinsie Yunnan. Dié land betaal 'n duur prys vir ongebreidelde ontwikkeling: 'n Amptelike opname wys dat 'n vyfde van sy plaasgrond met gifstowwe, waarvan die meeste anorganies, besoedel is.

FOTO: JIALIANG GAO, WWW.WIKIMEDIA.ORG